

*As 'n mens oor 'n paar jaar op die balkon van die foyer van die toneelskouburg van die Staatsteater Pretoria sou staan, sal daar voor jou 'n pragtige oop plein wees, met die suidelike fasade van Munitoria as 'n 'agtergordyn'*

*Beautiful lines of harmony are a tribute to the art of the architect*

rugbyveld sal kan vorm.

Die Staatsteater sal min of meer dieselfde elektrisiteitsverbruik hê as dié van Potchefstroom, met 'n noodgenerator wat genoeg krag vir 'n dorp soos Bronkhorstspruit sal kan opwel.

So kan 'n mens nog aangaan met statistiek wat jou ore laat tuit, maar uiteindelik kom jy by die groot vraag uit: gaan dit alles werk? Al die apparaat en fasiliteite wat teen 'n koste van derduisende — nee, van miljoene — rande aangebring en in werking gestel word, moet mense hê om dit te bedien. Die agter-die-skerms-werkers is nie meer, soos in die dae her, die byspelers wat die gordyn moet trek en die ligte moet aan- en afskakel nie, maar 'n hoogs gespesialiseerde groep mense van die komper-eeu.

Waar kry 'n mens hulle? Waar kom hul vandaan? Wie betaal vir hulle?

Ons het die antwoorde gaan soek by mnr. Dennis Reinecke, eertydse hoof van Opera by Truk wat verlede jaar deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie aangestel is as die Algemene Bestuurder van die Staatsteater Pretoria.

Mnr. Reinecke het verduidelik dat die toekomstige personeel van die Staatsteater in drie afdelings sal ressorteer. In die eerste plek sal daar die administratiewe personeel wees wat die hele reusesentrum sal beheer. Dan volg die verhoogpersoneel — die mense wat gaan werk met die beligtings-, klank-, dekor- en verhoogstoerusting. Derdens sal daar wees die instandhoudingspersoneel — soos diegene wat sorg vir die gladde en voorgesette werking van die lugreëling, die elektrotegnici wat die hoogs ontwikkelde elektroniese en kompertoerusting aan die gang moet hou, en die algemene instandhoudingsingenieurs.

'Die fasiliteite in die werkswinkels, kantore en elders word deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie, die eienaars van die gebou, aan die gebruikers daarvan — hoofsaaklik Truk — voorsien, maar Truk moet natuurlik self die mense verskaf om die fasiliteite te gebruik,' het mnr. Reinecke gesê.

Baie van die mense wat in die onderneming opgeneem gaan word, kan uit bestaande bronne in die land getrek word. Ander moet van meet af opgelei word. Die installeerders van die gespesialiseerde apparaat sal tydens die maandelange toetsperiodes ook opleidingskursusse reël vir tegniese werkers wat later met die toerusting 'n loopbaan gaan maak.

Wie betaal?

Die mense van Transvaal — deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie. En die aanduidinge is dat ons goeie waarde vir ons geld — en dié van ons kinders se kinders — gaan kry. ○



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013